“Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Kristus” (Fil. 3:20)

My naam is Maria van Zijl en ek doen aanspraak op die titel ”die verste lidmaat van die gemeente”! Ek het die voorreg gekry om by die diens Sondag 17 Februarie te praat, hoofsaklik oor my ouers en oor ’n lewe van rondreis.

My pa Professor Johannes Benjamin (Jan) van Zijl is hier in die NG Kerk Walmer op Gelooftedag 16 Desember 1956 tot predikant georden. ’n Beurs van die Staat van Israel het hom die vorige jaar die geleentheid gegee om aan die Universiteit van Jerusalem te studeer. Hy het sy toekomstige eggenoot Britta Maria Olén van Swede daar ontmoet. Na Jan tot predikant georden is, het hy ’n bediening in Cofimvaba in die Transkei aanvaar.

Britta het ’n sterk roeping tot predikant ondervind maar het ‘n weerstand so stewig soos die Sweedse winter ervaar. 1961 het Jan en Britta na Swede vertrek waar Jan aan sy doktorale proefskrif gewerk het. Uiteindelik in Maart 1963 het die biskop toestemming tot ordening gegee, na raadslag met die Sweedse eerste minister Tage Erlander. ’n Algemene pleidooi is deur die biskop gelewer vir besinning en kalmte in verband met die ordening. Omtrent 2000

mense het die 900 jaar oue domkerk in Lund tot die laaste plek gevul om Britta se ordening as eerste vroue predikant daar by te woon.

Vir twee jaar bedien Jan lidmate van die NG Kerk woonagtig in Wes-Europa, met 38 stede in sy gemeente. 1967 het Jan ’n pos as senior lektor in Semitiese Tale aan die Universiteit van Port Elizabeth aanvaar en is in 1969 tot professor en hoof van die departement Semitistiek bevorder. Na sy aftrede om gesondheidsredes in 1991 het Jan en Britta weer na Swede verhuis. Jan is 15 Maart 1994 oorlede.

As weduwee, nog vir lank na haar aftrede, het Britta aangehou om as predikant werksaam te wees, minstens by drie verskillende gemeentes. Haar laaste preek was 2008, by ’n ouderdom van 81 jaar, juis by haar eerste gemeente in Trelleborg, tydens ’n herdenking van die ordening van vroue predikante. Nog steeds word in Swede na Britta verwys as ’n voorbeeld van ’n prediker. Britta is 27 Februarie 2017 oorlede.